

# NALIBALI

## We are 10 years old!

This year, the Nalibali reading-for-enjoyment campaign is celebrating its 10th anniversary! In 2012, Nalibali was launched as a national reading-for-enjoyment campaign. Its aim was to spark and embed a culture of reading across South Africa so that reading, writing and sharing stories – in all of the South African languages – would become part of everyday life. To make that vision a reality, Nalibali has produced many wonderful stories for children in all of the South African languages. These stories are shared in our bilingual supplement, as printed books and radio stories, on our website and via social media, so that every child can enjoy a story every day!

## Ons is 10 jaar oud!

Hierdie jaar vier die Nalibali-lees-vir-genotveldtog sy 10de herdenking! In 2012 is Nalibali as 'n nasionale lees-vir-genotveldtog geloods. Die doel daarvan was om 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika te laat vlamvat en vas te lê, sodat lees, skryf en die deel van stories – in al die Suid-Afrikaanse tale – 'n deel van die daaglikse lewe sou word. Om daardie visie 'n werklikheid te maak, het Nalibali talle wonderlike stories vir kinders in al die Suid-Afrikaanse tale geproduseer. Hierdie stories word in ons tweetalige bylae, as gedrukte boeke en radiostories, op ons webwerf en via sosiale media gedeel, sodat elke kind elke dag 'n storie kan geniet!

### Every child from 0 years onward

Even babies can – and should – enjoy a story every day. Children learn to read by first being read to and then learning how to do it for themselves. The more you read aloud and talk to babies, the more words they hear. Sharing books with pictures, rhymes and stories helps teach them vocabulary and language – and gets their brains thinking! These are skills critical for school success, and it is up to us as adults and caregivers to model the behaviour of reading from an early age.



### Elke kind van geboorte af

Selfs babas kan – en behoort – elke dag 'n storie te geniet. Kinders leer lees wanneer daar eers vir hulle geles word, en dan leer hulle om self te lees. Hoe meer jy vir babas hardop lees en met hulle gesels, hoe meer woorde hoor hulle. Wanneer jy boeke met prente, rymies en stories met hulle deel, leer hulle woordeskat en taal – en dit stimuleer hul denke! Dit is kritiese vaardighede vir sukses op skool, en dit is ons taak as volwassenes en versorgers om vir kinders van 'n vroeë ouderdom af 'n voorbeeld van leesgedrag te wees.



### Every day for just 15 minutes

Taking time out from a busy day to read to your children shows them how important they are to you. Reading to your children every day:

- ★ makes it an enjoyable habit and helps them become lovers of books and life-long readers.
- ★ means you are making time for them. The memory of satisfying story times with you will stay with your children throughout their lives.

### Elke dag net 15 minute

Om in 'n besige dag tyd te maak om vir jou kinders te lees, wys vir hulle hoe belangrik hulle vir jou is. As jy elke dag vir jou kinders lees:

- ★ word dit 'n gewoonte wat hulle geniet en help dit hulle om boekwurms en lewenslange lesers te word.
- ★ beteken dit jy maak tyd vir hulle. Die herinnering aan genotvolle storietye saam met jou is iets wat jou kinders lewenslank sal bybly.

### Enjoy stories as a family

One of the wisest investments we can make in our children is listening and talking to them and doing things together. These things happen naturally when families spend even a short time together each day, telling and reading stories together.

#### 4 easy wins

1. Read in their mother tongue.
2. Read what they love.
3. Read printed books.
4. Read together.



### Geniet stories as 'n gesin

Een van die beste beleggings wat ons in ons kinders kan maak, is om na hulle te luister en met hulle te gesels en dinge saam te doen. Hierdie dinge gebeur op 'n natuurlike wyse wanneer gesinne elke dag selfs net 'n bietjie tyd gebruik om saam te lees en stories te vertel.

#### 4 maklike topwenke

1. Lees in hul moedertaal.
2. Lees dit waarvan hulle hou.
3. Lees gedrukte boeke.
4. Lees saam.



### What's inside this BUMPER edition?

- ★ Start your family's reading journey today! (page 2)
- ★ Ways to celebrate World Read Aloud Day (page 2)
- ★ A new poster! (page 3)
- ★ A special Nalibali World Read Aloud Day cut-out-and-keep book (pages 5, 6, 27 and 28)
- ★ 10 World Read Aloud Day stories in English (pages 7–16) and in Afrikaans (pages 17–26)
- ★ A new Story corner story (pages 30 and 31)

### Wat is in hierdie STAMPVOL uitgawe?

- ★ Begin vandag jou gesin se leesreis! (bladsy 2)
- ★ Maniere om Wêrelddag vir Hardop Lees te vier (bladsy 2)
- ★ 'n Nuwe plakkaat! (bladsy 3)
- ★ Nalibali se spesiale uitknip-en-bêreboekie vir Wêrelddag vir Hardop Lees (bladsye 5, 6, 27 en 28)
- ★ 10 stories vir Wêrelddag vir Hardop Lees in Engels (bladsye 7–16) en in Afrikaans (bladsye 17–26)
- ★ 'n Nuwe Storiehoekie-storie (bladsye 30 en 31)



Drive your  
imagination



IT STARTS WITH  
A STORY.  
DIT BEGIN MET  
'N STORIE.